Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

# Nuusweek

Pretoria FM
hoop, glo, léér in Afrikaans

Nommer 46, Jaargang 1 19 - 25 Des 2025 www.pretoriafm.co.za


Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe


















# DIE BESTE (EN SLEGSTE) VAN 2025

**Nuusweek eersdaags ook op Pretoria FM**
Bladsy 08

**Regering slaan toe op vlugtelingsentrum**
Bladsy 8

**Bloem-vrou stry teen siekte**
Bladsy 12

**Griekwastad-moordenaar kry parool**
Bladsy 12





"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbare Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors" – Jesaja 9:5



Theron's bied GEHALTE VLEISPRODUKTE, teen WARE GROOTHANDELPRYSE, direk aan Jan Publiek. Volg ons op Facebook onder die blad opsie: "Theron's Meat Products". Hier vind jy produk inligting en pryse, GAWE RESEPTE en kuier ons 'n hond uit 'n bos uit! Besoek ons by 185 Charlote Maxeke Straat Pretoria Wes – **WhatsApp +27760770437**

# Belangrikste gebeure van 2025

Redaksie

As ons die afgelope jaar se belangrikste gebeure in oënskou neem, staan een persoon telkens sentraal – Donald Trump. Die Amerikaanse president het plaaslik en internasionaal prominent gefigureer in al 2025 se nuushoogtepunte.

Hier is ’n kykie na van die belangrikste internasionale en plaaslike gebeure van die afgelope jaar.

## Internasionaal

### Trump se inhuldiging



Op 20 Januarie vanjaar word Donald Trump as die 47ste president van die VSA ingehuldig. Op die eerste dag van sy presidentskap verklaar hy dat die VSA net twee geslagte sal erken, en onttrek die land uit die Parysakkoord en die Wêreldgesondheidsorganisasie. Dit is ook die begin van Trump se tariefoorloë.

### Nicolás Maduro en Marina Corina Machado

In dieselfde maand aanvaar Nicolás Maduro van Venezuela sy derde presidensiële termyn ná ’n omstrede verkiesing die vorige jaar. Dit lei tot protesaksies en internasionale veroordeling. In reaksie daarop word bykans 2 000 mense, insluitend die opposisieleier, Marina Corina Machado, in hegtenis geneem. Machado is ook die ontvanger van vanjaar se Nobelprys vir vrede.



Nicolás Maduro



Marina Corina Machado

### Die Pous sterf en ’n nuwe Pous word verkies



Op 21 April, Paasmaandag, sterf Pous Franciskus in die ouderdom van 88. Hy word enkele dae later by die Santa Maria Maggiore-basiliek te ruste gelê. In die daaropvolgende verkiesing word Robert Prevost, wat die naam Pous Leo XIV kies, as Pous Franciskus se opvolger aangewys.

### Skietstilstand tussen Israel en Hamas

Op 9 Oktober word ’n skietstilstandsooreenkoms tussen Israel en Hamas onderteken. Dié skietstilstand vorm deel van ’n vredesplan wat Trump reeds op 29 September vanjaar tydens ’n mediakonferensie by die Withuis aangekondig het. Die ooreenkoms bepaal onder meer dat Hamas al die Israelse gyselaars vrylaat en die oorskot van diegene wat tydens aanhouding dood is, aan Israel terugbesorg.



### Die konflik tussen Rusland en Oekraïne



Vroeg in sy termyn het Trump voorstelle aangekondig vir ’n moontlike vredesooreenkoms tussen Oekraïne en Rusland. Dit sluit in dat Oekraïne nie NATO-lidmaatskap sal verkry nie en sekere gebiede aan Rusland toegeken word. Terwyl die hoop uitgespreek word oor ’n moontlike wapenstilstand in 2026 is daar steeds geen duidelikheid oor hoe so ’n ooreenkoms sal lyk nie en duur die aanvalle steeds voort.

### Charlie Kirk



Die bekende konserwatiewe meningsvormer Charlie Kirk is op 10 September 2025 in ‘n sluipmoordaanval doodgeskiet. Kirk se dood het wêreldwyd groot reaksie uitgelok.

*Na bladsy 3*

# Belangrikste gebeure van 2025 (vervolg)

*Van bladsy 2*

## Plaaslik:

### Afrikanervlugtelinge



In Februarie vanjaar onderteken Trump ’n uitvoerende bevel wat onder meer finansiële hulp van die Suid-Afrikaanse regering weerhou en dit vir Afrikaners moontlik om vir asiel in die VSA aansoek te doen. Die redes wat vir die uitvoerende bevel voorgehou word, sluit in rassediskriminasie teen en ’n volksmoord op Afrikaners. Die eerste Afrikaners wat suksesvol vir die vlugtelingstatus aansoek doen, kom in Meimaand in die VSA aan.

### Die begrotingsberoering



Die begroting wat in Februarie deur die minister van Finansies, Enoch Godongwana, voorgelê moes word, word uitgestel tot Maart. Die rede daarvoor is dat daar nie eenstemmigheid binne die Regering van Nasionale Eenheid verkry kon word oor ’n moontlike BTW-verhoging nie. Uiteindelik het BTW onveranderd op 15% gebly.

### Die besoek aan die Withuis



Op 21 Mei vanjaar lê Ramaphosa ’n besoek aan die Withuis af. Hy word vergesel van John Steenhuisen, DA-leier en minister van Landbou, Ronald Lamola, minister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking, Khumbudzo Ntshavheni, minister in die Presidensie, Parks Tau, minister van Handel, Nywerheid en Mededinging, die gholfspelers Ernie Els en Retief Goosen en die miljardêr Johann Rupert. Tydens die gesprek vertoon Trump onder meer ’n video wat die Witkruismonument ter herdenking van plaasmoorde insluit.

### Proteas wen wêreldkampioenskap



Op 14 Junie slaag die Protea-manskrieketspan daarin om die IKR Wêreldtoetskampioenskap-eindstryd teen Australië op Lord’s in Londen te wen. Die Suid-Afrikaners het die kragmeting op die vierde dag met vyf paaltjies beklink. Dit was die Proteas se eerste groot IKR-titel in 27 jaar en het ’n einde gemaak aan die langdurige verhaal van byna-oorwinnings in internasionale toernooie. Dit was Suid-Afrika se eerste verskyning in ’n WTK-finaal en hul tweede senior mans-IKR-trofee, nadat hulle die IKR-Kampioenetrofee ook in 1998 verower het.

### Die Madlanga-kommissie

Op 6 Julie maak die KwaZulu-Natal-polisiekommissaris, lt.genl. Nhlanhla Mkhwanazi, ernstige aantygings oor



inmenging deur politici en korrupsie in die polisie, vervolgingsgesag en regbank. Dit lei tot die totstandkoming van die Madlanga-kommissie onder leiding van afgetrede regter Mbuyiseli Madlanga, met die opdrag om die bewerings te ondersoek. Verskeie sleutelfigure en hooggeplaastes in die polisie het sedertdien oor korrupsie, kriminele netwerke, tenderbedrog en die ontbinding van die taakspan wat politieke moorde moet ondersoek, getuig. ’n Sleutelgetuie, Marius van der Merwe (ook bekend as Getuie D), is op 5 Desember voor sy vrou en kinders by sy huis doodgeskiet.

### Die G20-beraad



Van 22 tot 23 November was Suid-Afrika gasheer van die G20-beraad – die eerste keer dat dié beraad op die Afrika-kontinent aangebied is. Die tema was “Solidariteit, Gelykheid en Volhoubaarheid” en het gefokus op die bevordering van multilateralisme, finansiële hervormings vir lae-inkomstelande en meer klimaatfinansiering vir die Globale Suide. Trump se afwesigheid was ’n deurlopende besprekingspunt en na afloop van die beraad het die Amerikaanse minister van Buitelandse Sake (In Engels: Secretary of State), Marco Rubio, gesê Suid-Afrika sal nie na volgende jaar se beraad in Miami, Florida, genooi word nie.




# Opbrengste waarop jy kan STAATMAAK

GELEI DEUR ERVARING

ONYX

12.80%* EFFEKTIEWE GROEI

DUBBELSYFER OPBRENGSTE

100% Van jou kapitaal belê
Aanvangsfooie word deur ons geabsorbeer

Dividendbelasting
0% Besighede
20% Individue

Diversiteit oor ons private-ekwiteitsbates

*Bates onder bestuur sluit onder andere eiendom, gasvryheid, inligtingstegnologie, mynbou en groen energie in.

*Bepalings en voorwaardes geld

Die Onyx-inkomsteportefeulje is ontwerp om stabiele inkomste en kapitaalbewaring te bied deur te belê in ongenoteerde instrumente wat deur die Portefeuljehoumaatskappy uitgereik word.

*Die aangeduide opbrengste en groei is teikensyfers, nie gewaarborg nie, en is onderhewig aan jaarlikse hersiening.

## BELANGRIKE KENMERKE

- *12.80% Jaarlikse opbrengs
- Minimum bedrag: R100 000
- Dividende maandeliks betaal
- 10% Spesiale Dividend
- Klas A voorkeuraandeel

*Vir meer inligting rakende die Amethyst Lewende Annuïteit, kontak u finansiële adviseur of besoek everestwealth.co.za*
*087 654 8705*
*info@everestwealth.co.za*

Everest
WEALTH

*Everest Wealth Management (Pty) Ltd registration number 2002/004025/07, an Authorised Financial Services Provider FSP 795 CAT I, II & IIA and registered credit provider NCRCP 21504*

# Hier staan ons




Op 16 Desember, om 12:00, het die son oudergewoonte op die senotaaf geskyn en die woorde "Ons vir jou Suid-Afrika" verlig.

Seugnet van Zyl

Nagenoeg 40 000 mense het vanjaar Geloftedag by die Voortrekkermonument in Pretoria herdenk. Die grootste opkoms nog.

Buiten vir die reuseopkoms by die monument, was daar vanjaar ook bykans 230 Geloftefeeste landwyd en in die buiteland. Geloftedag is in 2025 op al sewe vastelande en in 25 lande, waaronder Australië, Botswana, China, Duitsland, Engeland, Japan, Kanada, Luxembourg, Mosambiek, Namibië, Nederland, Nieu-Seeland, Nigerië, Paraguay, Mexiko, Pole, Portugal, Rusland, Skotland, Swede, die Verenigde Arabiese Emirate en die VSA, en selfs in Antarktika gevier. Dit is vanjaar ook vir die eerste keer in Londen uitgesaai.

Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Voortrekkermonument, sê by navraag dat hierdie oplewing nie net 'n kultuur- of historiese ding is nie.

"Dit is absoluut 'n teruggryp na die wortels van ons geloof. Geloftedag vir Afrikaners is ook 'n bevestiging van ons plek, storie en spore in hierdie land. Dit is nie iets wat uitgevee, weggewens of ontken kan word nie. Afrikaners vind in Geloftedag praktiese uitdrukking."




*Marla Schlebusch en haar vriendin, Alexa Retief, haar ma, Marianda, het die blomruiker vir bo-op die senotaaf gemaak.*



*Nagenoeg 40 000 mense het in die amfiteater by die Voortrekkermonument bymekaargekom om Geloftedag te vier. (Foto: Charlotte Drotsky)*

Langner sê hy staan elke jaar verstom oor die groei in die ondersteuning vir en van Geloftedag.

"Ons is ongelooflik dankbaar vir die groei wat ons beleef en die erns waarmee Geloftedag nog steeds gevier word. Dit is lank nie dood nie. Ek dink Geloftedag het nog nooit in die geskiedenis so goed, lewenskragtig en so sterk gestaan soos wat ons tans ervaar nie."

Volgens Langner het daar sedert 2021 43 nuwe Geloftefeeskomitees tot stand gekom, wat elkeen hul eie Geloftedag gevier het.

Dit is vanjaar die 187ste herdenking van Geloftedag, waar die Voortrekkers in 1838 voor die Slag van Bloedrivier 'n gelofte aan God gemaak het. Elke jaar op 16 Desember om 12:00 val die son se strale presies op die woorde: "Ons vir jou, Suid-Afrika" op die senotaaf in die Voortrekkermonument om dié Gelofte te herdenk.

*Na bladsy 6*

# Hier staan ons (vervolg)

*Van bladsy 5*

Langner sê al die uitdagings wat Afrikaners as 'n kultuurgroep met betrekking tot ons taal, kultuur en erfenis en ook in Suid-Afrika in die gesig staar, maak dat ons teruggryp na die ankers van ons verlede.

"Een van daardie diepste ankers wat ons het, is die geloof in die Here se sorg. Dat die Here vir ons nie in die steek laat nie. Dat Hy altyd daar is en met ons 'n pad stap, ook in hierdie land. Dit is absoluut 'n teruggryp na die wortels van ons geloof."

Hy sê die Voortrekkermonument en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigînge (FAK) het ná 1994 baie gedoen om Geloftedag te depolitiseer.

"Dit is nie 'n politieke bewyspunt wat iemand wil maak teenoor iemand anders nie, maar dat dit absoluut vir ons gaan om die eer van die Here se naam."

Die dag het om 06:00 afgeskop met families en vriende wat van heinde en verre uit verskeie provinsies, en selfs uit die buiteland, na die Voortrekkermonument gestroom het.

Teen 07:00 was die vetkoek by die monument uitverkoop en teen 08:00 was die koffiekanne leeg.

Marla Schlebusch (20) wat onlangs na haar tuisdorp Centurion teruggekeer het na sy vir amper 'n jaar as kinderoppasser in Amsterdam gewerk het, sê vanjaar se Geloftedag by die monument was nog lekkerder as vantevore.

"Daar was baie meer jonger mense as gewoonlik. Almal was opgewonde en het spontaan met mekaar begin gesels. Dit was 'n baie trotse oomblik."

Marla se ouma, Bokkie Hartzer, en oupa, Sakkie, het vir die eerste keer Geloftedag bygewoon.

Bokkie (71) van Petrusburg in die Vrystaat sê: "Ek is baie bly ek het dít gedoen voordat ek doodgaan. Dit was wonderlik met 'n gewyde atmosfeer."

*Na bladsy 7*



*Die Markplein reg voor die Voortrekkermonument was stampvol besoekers. (Foto: Niël Langner)*





*Grietjie se replika (Foto: Charlotte Drotsky)*

*Susanna het ook van haar laat hoor. (Foto: Niël Langner)*

*Die Markplein reg voor die Voortrekkermonument was stampvol besoekers. (Foto: Charlotte Drotsky)*

# Hier staan ons (vervolg)

*Van bladsy 6*

Marla se ma, Marianda, het die blomruiker vir bo-op die senotaaf gemaak. Sy sê die mense, oud en jonk, se samehorigheid sal haar bybly.

“Jy is deel van iets groter as net jouself en jou gesin. Jy is deel van die geskiedenis en die toekoms.”

’n Splinternuwe replika van kanon Grietjie is later afgevuur. Die oorspronklike kanon Grietjie, wat by Bloedrivier gebulder het, staan vandag in die Senotaafsaal van die monument.

Dr. Déwyk Ungerer het die diens gelei. Raynard Bosman, ’n gr. 11-leerling aan die Hoërskool Pretoria-Noord het die Gelofte voorgelees, en ter afsluiting het Sallas de Jager, Logan Pietersen en Franco Jamneck “Die Geloftelied” uit die pen van Johan Vorster en Appel gesing.



*Franco Jamneck, Sallas de Jager en Logan Pietersen sing “Die Geloftelied saam met die Moot Kantate-koor. (Foto: Charlotte Drotsky)*



*Marianda Schlebusch, haar man, Louan. Middel agter haar ouers, Bokkie en Sakkie Hartzer en heel agter is haar kinders, Carli (links) en Marla (regs). In die middel is Marla se vriendin, Alexa Retief op pad na vanjaar se Geloftedag by die Voortrekkermonument.*



*Die besoekers wag voor die assegaaihekke om die besonderse oomblik, toe die son op die senotaaf skyn, gade te slaan.*



*Danny Müller, Lieandri Ackermann en die Moot Kantate-koor het as voorsangers die nagenoeg 40 000 mense in ’n pragtige harmonie laat saamsing. (Foto: Niël Langner)*



*Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Kultuurtuiste, verwelkom die derduisende gaste. (Foto: Niël Langner)*



*Raynard Bosman, ’n graad 11-leerling aan die Hoërskool Pretoria-Noord en wenner van die FAK se Geloftedagkompetisie, lees die Gelofte voor. (Foto: Niël Langner)*



*Dr. Dewyk Ungerer se woordverkondiging het die besoekers laat nadink oor die waarde wat ’n Gelofte aan God vir ’n volk se voortbestaan het. (Foto: Niël Langner)*



## Pretoria FM se Kersdagprogramme

### 24 DESEMBER 2025

**18:00** – Pienaar se Kersmusiek *(Pienaar Lochner)*

**19:00** – Huisgodsdiens

**19:30** – In Die Ou Waenhuis *(Willie Maynard)*

**20:00** – Kersfeespop Deur Die Dekades *(Esmarie Yssel)*

**21:00** – Daarom Vier Ons Kersfees *(Susan Botha)*

### 25 DESEMBER 2025

**06:00** – Vroegoggend uit die Woord

**07:00** – Sabbatstonde

**08:00** – Leef Jou Lied *(Braam van Tonder & Pieter van den Berg)*

**09:00** – Erediens

**10:00** – Kersdrama, Hemel Op Aarde *(Flip Loots)*

**11:00** – God se grootste geskenk en die betekenis van die wyse manne se geskenke aan Jesus *(Antowan)*

**11:50** – Oggendoordenking

**12:15** – Instrumentale Kersfees met Fanus

**13:00** – Daarom Vier Ons Kersfees *(Susan Botha)*

**14:00** – Kersfeespop Deur Die Dekades *(Esmarie Yssel)*

**15:00** – Almal Se Gunstelinge *(Martin Jansen)*

**16:00** – Intermezzo *(Marianne Breytenbach)*

**17:00** – 'n Kind is vir ons gebore *(Friedel Hansen)*

**18:00** – Lieflik & Loflik *(Jan Swanepoel)*

**19:00** – Aanddiens

**20:00** – Maak My U Weë Bekend

**20:30** – Kollig Op Koor *(Franco Prinsloo)*

**21:00** – *(Antowan - Herhaal)*

# *Nuusweek* nou ook op Pretoria FM

Redaksie

Pretoria FM se weeklikse publikasie, *Nuusweek*, sal voortaan ook op die radio te hore wees. Vanaf Maandag 5 Januarie sal Pretoria FM se nuus- en aktualiteitsprogram as *Nuusweek* bekendstaan, en die gewilde insetsels wat in die publikasie pryk sal ook op radio gevolg kan word.

*Nuusweek* is reeds in die vorm van die e-publikasie deel van die Pretoria FM-handelsmerk.

Die hoofredakteur van Pretoria FM se nuus en aktualiteit, Esmarie Yssel, sê die stap is om die inhoud wat reeds in teksformaat beskikbaar is, nou ook aan luisteraars te bied.

"Ons het as nasionale multimedia-instelling ontwikkel en is bevoorreg dat ons van ons mediavorme kan saamsmelt om Afrikaanse inhoud na elke huis te neem."

Die program sal onder leiding van Susan Botha en Leon Gropp staan met bekende stemme soos dié van Dinamika se Willem Smit. Jaco Kleynhans wat die Internasionale Nuus behartig en Hennie Koortzen op Sportnuus bly deel van die oggendprogram.

"*Nuusweek* sal dieselfde geloofwaardige nuus- en aktualiteitsaanbod hê, met die deur oopgegooi sodat ons ekstra kleur en diepte aan ons aanbod kan gee."



*Susan Botha* *Leon Gropp*

# Regering het op vlugtelingsentrum toegeslaan

Redaksie

Die uitvoerende hoof van die burgerregteorganisasie AfriForum, Kallie Kriel, het vroeër die week aan Nuusweek bevestig dat hy inligting ontvang het dat Suid-Afrikaanse owerhede wél op 'n Amerikaanse sentrum vir vlugtelinge in Johannesburg toegeslaan het. Dié gebeure het aan die lig gekom nadat 'n video van 'n kolonel Chris Wyatt wyd rondgestuur is oor mense in uniform wat glo op die sentrum toegeslaan en lede van die publiek geïntimideer het. Kriel sê die wyse waarop die klopjag uitgevoer is, is nie wys met die huidige diplomatieke spanning wat tussen Suid-Afrika en Amerika heers nie. Die minister van Binnelandse Sake, dr. Leon Schreiber, het inligting bekend gemaak wat daarop dui dat 'n wettige operasie uitgevoer is vanweë 'n beweerde verontagsaming van Suid-Afrikaanse immigrasiewette. Sewe Keniaanse burgers is tydens die klopjag in hegtenis geneem. Die Amerikaanse regering het intussen in 'n verklaring gesê versuim deur die Suid-Afrikaanse regering om die skuldiges tot verantwoording te roep sal ernstige gevolge inhou. In die verklaring doen die VSA 'n beroep op Suid-Afrikaanse regering om onmiddellike stappe te doen om die situasie onder beheer te bring en die skuldiges tot verantwoording te roep.

# *Ons vir jou* is terug – en Bok van Blerk speel De la Rey

Redaksie

Die gewilde musiekblyspel *Ons vir jou* uit die pen van Hertzogpryswenner Deon Opperman en Sean Else en met musiek deur Johan Vorster, kom in April 2026 vir die eerste keer in meer as 'n dekade weer op die planke. Die bekende musikant Bok van Blerk sal die Boeregeneraal Koos de la Rey vertolk in dié produksie wat hierdie keer met 'n geknal van Mausers en die dreuning van kanonne na die AfriForum Teater in Pretoria kom.

Dié ikoniese musiekspel, die eerste vollengte-musiekspel oor die verwoestende oorlog van 1899–1902, het in 2008 in die Staatsteater gedebuteer. Dit het daarna op publieke aandrang in 2009 en 2012 teruggekeer na die Staatsteater waar dit weer uitverkoopte speelvakke beleef het. Die produksie het selfs in 2013 'n Kaapse draai gemaak toe dit by die Artscape-teater opgevoer is.

Hierdie keer snoer AfriForum en die span van Inhoud Huis Musiek, wat verantwoordelik was vir musiekteatertreffers soos *Die Gelofte*, *Die Kaplyn*, *Die Afrikaner maak so* en *Semi-Soet – die musiekblyspel*, kragte saam om dié verhaal na die AfriForum Teater te bring.

Gehore kan opnuut daarna uitsien om meegevoer te word na die tyd waar die stryd tussen Boer en Brit gewoed het op die vlaktes van Magersfontein, waar die verskroeideaardebeleid vorm aangeneem het en die tragedie van oorlog deel van elke dag se bestaan geword het. Die klanke van treffers soos "*Ons vir jou*, Suid-Afrika", "Vergeet my nie" en "De la Rey" gee dié groot verhaal boonop in egte musiekteaterstyl waarlik lewe.

Vorster en Jacomien de Wet van Inhoud Huis Musiek meen die tyd is ryp om De la Rey se verhaal weer op die planke te bring.

"Om die voorreg te hê om die verhaal van generaal Koos De la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, met die medium van 'n musiekspel, te mag deel met 'n gehoor amper 20 jaar nadat dit die eerste keer op die planke was, is vir ons 'n droom wat waar word. Ons is baie dankbaar teenoor al die rolspelers, skrywers en akteurs wat reeds besluit het om die produksie te ondersteun. Dit is inderdaad tyd!"

Oudisies vir die res van die rolverdeling, insluitende dié van Nonnie de la Rey, Adriaan de la Rey, Paul Kruger, Siener van Rensburg, lord Alfred Milner en lord Methuen, open binnekort.

Die *Ons vir jou*-musiekspel is vanaf April 2026 in die AfriForum Teater op die planke. Kaartjies is nou reeds beskikbaar by www.onsvirjou.com.





# Bloem-vrou se lewe tot stilstand geruk weens seldsame siekte

Redaksie

Sy was eens 'n avontuurlustige jong vrou wat lief was vir die natuur, in so 'n mate dat haar werk was om wilde diere in nood te help en te rehabiliteer.

Maar die 26-jarige Shané Nel van Bloemfontein se hele wêreld het vanjaar handomkeer verander toe sy met 'n seldsame siekte gediagnoseer is waarvan daar slegs 20 gevalle in die wêreld bekend is.

"Dit was vir my 'n reuseskok gewees, veral omdat ek nog nooit in my lewe van die siekte gehoor het nie, en omdat daar so min inligting daaroor bekend is."

Shané, wat by Helicon Wildlife Services buite Bloemfontein gewerk het, is met mitochondriale versteuring gediagnoseer. Dié toestand is so skaars dat slegs een uit 'n miljard mense daaraan ly.

Die siekte affekteer die sogenaamde kragsentrales van die liggaam se selle. Dit beïnvloed die liggaam se vermoë om energie te produseer en kan daartoe lei dat van die organe tydelik ophou funksioneer.

Shané se toestand is so erg dat sy vir dae aan 'n rolstoel vasgekluister is en sy is ook genoop om haar werk prys te gee.

"My liggaam verskil elke dag, dit bepaal of ek die rolstoel nodig het. Wanneer ek uitgaan, is ek in 'n rolstoel omrede ek nie verder as 'n paar meter kan loop nie, my liggaam gee vanself in."

Sy vertel dat sy Februarie vanjaar skielik pyn begin ervaar het.

"My hele liggaam het gepyn en ek is in die hospitaal opgeneem vir toetse, my hart het uit ritme geraak en ek is in die intensiewe sorgeenheid opgeneem."

Dokters het eers gedink dit is haar blindederm en 'n noodoperasie is gedoen om dit te verwyder. Kort daarna het haar dikderm en niere ophou funksioneer.

Spesialiste hier was raadop en Shané sou sowat vier keer weer in die hospitaal beland voordat dokters kon bepaal wat met haar fout is.

"In September het my hele lyf vir die eerste keer verlam geraak. Dit was skrikwekkend. Ek was heeltemal hulpeloos. Vir lang tye was ek nie in staat om te beweeg, te praat of behoorlik te sien nie."

Sy het konstant breintoevalle gehad en sou tot vier keer per dag uit die bloute verlam raak. Die episodes kon van 'n uur tot twee en 'n half uur duur.

In dié tyd het Shané se ma, Lydia, besluit haar kind moet terugkeer na Hilton in KwaZulu-Natal. Daar het sy wéér 'n breintoeval gehad en sy is wéér na ongevalle gehaas.

Shané het 23 dae in die hospitaal bestee en in dié tyd is genetiese toetse aanbeveel en dokters het haar bloedmonster na Amerika gestuur.

"Die gewag was verskriklik. Ons wou net antwoorde hê en in daardie tyd het ons die dae om gebid," sê Shané.

Toe het hulle die nuus ontvang dat Shané een van die seldsaamste siektes ter wêreld het én dat dit ongeneeslik is.



Shané Nel

"Ek het nooit gedink dat die uitslag so ernstig sal wees nie. Ek het geweet daar is groot fout, maar gehoop dit is behandelbaar."

Dit het egter nie vir Shané ondergekry nie en sy pak hierdie onbekende reis met geloof en dapperheid aan.

"Alles is nog so onduidelik, maar mens plaas jou hoop op iets groter. Ek het die nuus vinnig aanvaar, en dit heeltemal uit 'n ander oogpunt benader. Hierdie hele proses is geanker in God."

Omdat die toestand ongeneeslik is, kan dokters slegs die simptome behandel en medikasie moet vanaf die VSA ingevoer word.

"Omdat dit so skaars is, is daar nie baie spesialiste nie. Ons gaan heel moontlik internasionale hulp moet kry en dit met medikasie en terapie moet behandel."

Sy bly egter positief en glo dat daar groter planne vir haar lewe is.

"God het my uit miljarde mense gekies om hierdie siekte te hê. Hy sal my energie wees. EK sal getuig van sy wonderwerke."

# Griekwastad-moordenaar kry parool

Esmarie Yssel

Die Griekwastad-moordenaar, wat op Goeie Vrydag in 2012 drie lede van die Steenkampgesin op hul plaas, Naauwhoek, doodgeskiet het, se parool is toegestaan.

Die oortreder se paroolaansoek is voor die paroolraad by die Upington Korrektiewe Sentrum aangehoor.

Die man, nou 29-jaar oud, was 15 toe hy die Griekwastadse boer Deon Steenkamp, sy vrou Christel en hul dogter Marthella doodgeskiet het.

Hy is in 2014 vir 20 jaar tronk toe gestuur vir die drie moorde asook vir verkragting, omdat hy glo die 14-jarige tienermeisie in aanloop tot die moorde verkrag het. Die verkragting is ook as motief voorgehou omdat hy dit glo wou stil hou.

Hy mag weens wysigings aan die Strafproseswet nie geïdentifiseer word nie, aangesien hy minderjarig was toe die misdrywe gepleeg is.

Dit blyk wel onwaarskynlik te wees dat hy voor Kersfees by die tronk se hek sal uitstap.

Sy paroolgoedkeuring kan nog op hersiening geneem word indien die minister van Korrektiewe Dienste, dr. Pieter Groenewald, ná deeglike ontleding van die oortredersprofiel so besluit.

Netwerk24 het vroeër berig dat hy – sou hy vrygelaat word – by sy voormalige voog in die Noord-Kaap sal gaan woon.

# Vyftig jaar ná ’n wonderbaarlike redding: ’n huldigingsbundel vir dr Klaus Baron von der Ropp

Redaksie

Op Saterdag 13 Desember 1975 het ’n uitgemergelde Duitse aristokraat, dr Klaus Baron von der Ropp, deur die bloedwarm sand van die Namibwoestyn gestruikel – uitgeput, gedisoriënteerd en ná vier dae sonder water oortuig dat sy laaste uur aangebreek het.

Net toe alle hoop vervaag het, het ’n klein groepie lede van die destydse Suid-Afrikaanse Weermag hom presies om 11:45 opgespoor. Die eerste woorde wat hy gehoor het, was dié van reddingsleier Peter Stark: “Beruhigen Sie sich, Sie sind gerettet – Rustig, u is gered.”



*Von der Ropp aan die woord in die hotel in Berlyn waartydens hy die bundel ontvang het. (Foto: YouTube-skermskoot)*

Uit dankbaarheid teenoor sy reddingspan was Von der Ropp só besiel met Suid-Afrika en het hy so ’n geweldige belangstelling in die land se politieke omstandighede van daardie tyd ontwikkel, dat hy hom beywer het om minderhede in Suid-Afrika te help. Hy het verskeie artikels geskryf en was betrokke by verskeie samesprekings tydens die oorgangstydperk.

“Hy het hom nooit geskaar by liberale of konserwatiewe rolspelers nie,” sê dr. Carel Boshoff, direksievoorsitter van die FAK en die uitvoerende hoof van die Vryheidstigting. “Hy was deurentyd ’n stem roepende in die woestyn, en steeds ’n vaandeldraer van sy gebalanseerde siening.”

Die Vryheidstigting in Orania het al Von der Ropp se skrywes ontvang en besluit om ’n bundel saam te stel met die titel: Festschrift (Feesbundel) South Africa: National self-determination and minority protection.

Op Saterdag 13 Desember 2025, presies 50 jaar ná die reddingspoging, op die minuut wat Von der Ropp gevind is, is hierdie bundel in Berlyn bekend gestel en tydens ’n herdenkingsgeleentheid aan Von der Ropp oorhandig.

Vir hierdie kleurvolle, Duitse regsgeleerde en intellektueel, wat vanjaar 87 jaar oud is en sy lewe gewy het aan die studie van Suid-Afrika, die Afrikaner en die vraagstuk van minderheidsregte, was daardie dag sy “tweede geboorte”.

Hoewel sy gesondheid broos is en sy jare gevorderd, sien dr. Von der Ropp hierdie huldiging as iets besonders.

“Die eerste keer het julle my liggaam uit die woestyn gered. Die tweede keer red julle my werk uit die vergetelheid.”

Von der Ropp het tydens die oorhandiging sy verhouding met Suid-Afrika as volg opgesom: “Walter Mondale, die Amerikaanse adjunkpresident, het in Mei 1977 in Wene vir Helmut Schmidt, die kanselier van Duitsland, gesê dat apartheid beëindig moet word en Schmidt se bekende vraag aan hom was, ‘And replace it with what?’ Ek het my lewe daaraan gewei om daardie vraag te beantwoord.”

Die seremonie het in die Marriott LUC Hotel in Berlyn plaasgevind, maar is intyds in die Kruger-galery by die Voortrekkermonument uitgesaai. Die gashere in Pretoria was twee van die redakteurs van die Festschrift, Boshoff en dr. Victor E. d’Assonville.

Hierdie unieke geleentheid het oor drie kontinente gestrek – Europa, Afrika en Australië – want ná Von der Ropp se dankwoord het die politieke kommentator prof. Deon Geldenhuys vanuit Australië ’n repliek en vooruitblik gelewer.

Von der Ropp se vriende in Suid-Afrika het mense van uiteenlopende standpunte ingesluit – van Beyers Naudé, Van Zyl Slabbert en Breyten Breytenbach tot prof. Carel Boshoff en genl. Constand Viljoen.

Von der Ropp het uiteindelik meer as 180 akademiese en joernalistieke artikels oor Suid-Afrika, selfbestuur, minderheidsregte en Afrikaneridentiteit gepubliseer.

Die Festschrift bevat ’n keur van 20 van hierdie stukke – tien akademies en tien joernalisties – asook ’n volledige lewenskets; ’n deeglike bibliografie en die mees aangrypende insluiting: die vertelling van sy redding, soos beskryf deur sy redder, Peter Stark.

Die Festschrift kan bestel word by **admin@vryheidstigting.org**.

Adverteer in Nuusweek
Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die volgende vlak te neem.
Stuur ’n e-pos na **adverteer@pretoriafm.co.za**



# 2025 ’n jaar van groei en uitnemendheid vir Sol-Tech

Redaksie

2025 was vir Sol-Tech ’n uitsonderlike jaar van groei, versnelde ontwikkeling en strategiese uitbreiding – ’n jaar wat duidelik wys waarom die opleidingsreus ’n toonaangewende rolspeler in Suid-Afrika se beroeps- en ambagsopleiding geword het.

Sol-Tech het reeds vroeg vanjaar die pas aangegee met die eerste groep haarkapperystudente wat in Februarie hul studies afgeskop het. Volgens die besturende direkteur by Sol-Tech, Paul van Deventer, wys hierdie uitbreiding na die skoonheidsbedryf op Sol-Tech se aanpasbaarheid en breër visie om vaardigheidsontwikkeling oor verskeie sektore heen te bevorder.


Paul van Deventer

Sol-Tech se infrastruktuur en praktiese opleidingsfasiliteite is ook uitgebrei met die Industrie 4.0-opleidingsmasjien as die nuutste toevoeging. Die masjien is ’n hoogs gevorderde stelsel wat outomatisering, robotika, sensors, pneumatiek, AR en kunsmatige visie integreer. Van Deventer sê hulle wil hê dat hulle studente nie net teoretiese kennis moet hê nie, maar die vaardighede om dadelik in ’n werksomgewing in te skakel.

“Die stelsel laat studente foutopsporing oefen deur tot ses samestellings en 16 fouttoestande te simuleer.”

Sol-Tech is ook vanjaar as ’n CompTIA Gold Partner aangewys – ’n gesogte internasionale status wat slegs aan instellings toegeken word wat aan streng vereistes voldoen. In 2023 is Sol-Tech reeds met die Rookie Partner of the Year-toekenning vereer, en die opgradering na Gold-status onderstreep Sol-Tech se volgehoue groei, betroubare samewerking en wêreldklasstandaarde. Sol-Tech is ook in die *Beste van Pretoria-kompetisie* as die beste tersiêre opleidingsinstelling gekroon.

Weens toenemende aanvraag en waglyste is die werkswinkels vir Meulmakers en Megatronika vanjaar ook met twee nuwe verdiepings vergroot, wat ruimte skep vir 26 ekstra Meulmaker-studente en vyf addisionele Megatronika-studente per inname.

“Dit is ’n direkte reaksie op die mark se dringende behoefte aan meer gekwalifiseerde vaklui, en ’n bewys van Sol-Tech se verbintenis tot toeganklike, gehalte-ambagsopleiding,” sê Van Deventer.

Verder is die 40 meter lange voetgangerbrug in gebruik geneem, ’n R6 miljoen-belegging in veiligheid en toeganklikheid, en 250 nuwe parkeerplekke en ’n splinternuwe sportveld is bygevoeg om die meer as 1 300 studente per dag beter te akkommodeer.

Parallel met dié uitbreiding het Ajani – Sol-Tech se private studenteplasingsmaatskappy, sy eie groot mylpaal bereik met die opening van ’n splinternuwe vaktoetssentrum in Derdepoort. Hier kan meulmakers, gereedskapmakers, sweisers, elektrisiëns en studente in ander vakrigtings hul Rooi Seël-toetse aflê. Hierdie sentrum voltooi die hele studentereis op een geïntegreerde roete en verkort die pad van opleiding tot indiensneming op betekenisvolle wyse. Volgens Schikkie Geldenhuys, uitvoerende hoof van Ajani, sal hierdie sentrum nie net studente ondersteun nie, maar ook ’n direkte bydrae lewer tot die groei van Suid-Afrika se ekonomie deur meer gekwalifiseerde ambagslui vinniger tot die werkplek toe te laat.



# ADVERTEER NOU

in Pretoria FM se e-publikasie :

Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis

# Nuusweek

**Nuusweek word elke Vrydag aan 'n databasis van meer as 30 000 ontvangers gestuur en op Pretoria FM se webblad gepubliseer, wat in die afgelope 30 dae 80 000 unieke besoeke en 178 000 interaksies ontvang het. Dit word ook via die Nuusweek WhatsApp-kanaal versprei.**

## Tariewe

**Voorblad:**

| | | |
|---|---|---|
| Strook | (70mm x 210mm) | R15 900 |

**Middelbladsye:**

| | | |
|---|---|---|
| Voorblad - strook | (70mm x 210mm) | R15 900 |
| Volblad | (290mm x 210mm) | R21 200 |
| Halfblad | (145mm x 210mm) | R10 600 |
| Kwartblad | (145mm x 105mm) | R 5 300 |
| Strook | (70mm x 210mm) | R 5 300 |
| Klein-strook | (40mm x 210mm) | R 3 100 |

**Primaspasie:**

**Bladsy 3 | 50%-lading | Geen volblad-advertensies:**

| | | |
|---|---|---|
| Halfblad | (145mm x 210mm) | R15 900 |
| Kwartblad | (145mm x 105mm) | R 7 900 |
| Strook | (70mm x 210mm) | R 7 900 |
| Klein-strook | (40mm x 210mm) | R 4 700 |

**Bladsy 5 | 25%-lading:**

| | | |
|---|---|---|
| Volblad | (290mm x 210mm) | R26 500 |
| Halfblad | (145mm x 210mm) | R13 200 |
| Kwartblad | (145mm x 105mm) | R 6 600 |
| Strook | (70mm x 210mm) | R 6 600 |
| Klein-strook | (40mm x 210mm) | R 3 900 |

**Sperdatums:**

- Besprekings en betaling: Maandag voor publikasie.
- Kunswerk: Woensdag om 12:00 voor publikasie.

Om jou spasie te bespreek, stuur 'n **e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za.**

Agentskapkommissie en BTW op bogenoemde tariewe is uitgesluit.
Alle besprekings is onderhewig aan beskikbaarheid.
**Bepalings en voorwaardes geld.**

# Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

*Die uitbreking van bek-en-klouseer in dele van Limpopo het baie reaksie van lesers uitgelok. Hier is wat hulle te sê gehad het:*

**Lea Botha**
Tussen Randfontein en Leratonghospitaal, het ek gister langs die pad vier grooooot troppe beeste getel. Hulle was in n beboude gebied ... Is daar enige kontrole oor die diere?

**Johan Immelman**
Geen beheer deur die regering nie; hulle laat die boere in die steek.

**Roux du Preez**
En waar is die entstowwe? Onderstepoort produseer nie meer nie en die boere is aan hulle eie genade oorgelaat. Die privaat sektor moet nou toegelaat word om deel te raak sonder enige vereistes of voorwaardes van die regering af.

**Sean Visagie**
Nog ’n bedryf op sy knieë vanweë die ondoeltreffende regering.



**Pollie Nieuwenhuys**
Nie net laat die regering die boere in die steek deur die vervoer van beeste nie te reguleer nie, die produksie van entstowwe het ook tot stilstand gekom.

**Koos Kitaar**
Eendag gaan iemand op die wysie van “Where have all the flowers gone” vra waar al die boere heen is.

**Carel Viljoen**
Waar is die padblokkades wat moet verhoed dat bek-en-klouseer verder versprei? En as die boere self begin om die onwettige vervoer van die beeste te verhoed, sal die polisie hulle seker arresteer?

**Jo Barkhuizen**
Is Steenhuisen nie die minister nie?

**Nelie Redelinghuys**
Ek bid vir elke boer op hierdie kontinent. Mag julle die krag en genade ontvang om bo hierdie uitdagings uit te styg en suksesvol te wees.

**Robbie de Jager**
Dat die boere nou, met al die ander uitdagings saam, ook hiermee moet sit. Dit moet verskriklik wees om so deur jou eie regering versaak te word.

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# My indrukke van Geloftefees 2025

Eie rigting
Willie Spies



Dit was vanjaar die eerste keer in 'n langerige tyd dat ek in Pretoria was op Geloftedag.

Sedert Desember 2009 besoek ek gewoonlik 'n gemeenskap iewers in die land om 'n tradisionele Geloftefees toe te spreek.

Die eerste was in Northam, tussen Rustenburg en Thabazimbi.

Daarna het plekke soos Standerton, Witbank, Bethlehem, Reivilo, Orania, Mosselbaai, Wonderboom, Brits en Charl Cilliers gevolg.

Die feeste word gereël deur Geloftefeeskomitees. Plaaslike mense wat stil-stil, sonder vergoeding, reëlings tref vir unieke feeste wat afgesien van die Gelofte-erediens, feesrede en herbevestiging van die Gelofte, ook tradisies soos laertrek met woonwaens, boeresport, familiebyeenkomste, braaivleis en heerlike kuiers insluit.

Volgens die Uitvoerende Hoof van die FAK, Voortrekkermonument en Erfenisstigting, Dr. Danie Langner, het die aantal Geloftefeeskomitees tussen 2021 en 2025 met 23% toegeneem vanaf 183 in 2021 tot 226 in 2025. Feeste is ook gehou deur Afrikanergemeenskappe regoor die wêreld, in 25 lande en op 6 kontinente.

Vanjaar was ek nie 'n spreker by 'n fees nie.

16 Desember 2025 was ook my skoonma, Adri, se 80ste verjaarsdag en ons het vir die doel in Pretoria gebly om die mylpaal saam met haar en my skoonpa te vier. My skoonpa is 'n direkte afstammeling van Sarel Cilliers, en hy dra ook die voorname Sarel Arnoldus. Hy skerts dikwels dat daar 'n doel is dat sy vrou gebore is op 16 Desember, want sy is nie verniet getroud met 'n agter-agterkleinkind van Sarel Cilliers nie.

Die tuisbly in Pretoria vanjaar het my die geleentheid gegee om die fees by die Voortrekkermonument by te woon.

Ek is so 8-uur die oggend weg by die huis en toe ek teen 08:30 by die monument aankom, het die karre tougestaan om in te ry by die Kultuurtuiste, soos die Monument en Erfenisterrein toenemend bekend word.

Daar was 'n feestelike gemoedelikheid in die lug.

Met die inry om te parkeer, stop ek toevallig langs 'n prokureurskollega. Hy groet vriendelik en ons stap aan na die monument en amfiteater. Hy het sy Engelssprekende vrou en skoonma saamgebring. Sy skoonma groet vriendelik en vertel dadelik hoe aangenaam verras sy was om die "sense of community" te ervaar toe sy van die hek af gestap het terwyl my kollega parkering soek tussen die see van ander voertuie.

By die markplein voor die monument staan 'n groot verskeidenheid stalletjies met geurige kos. Dit voel soos kerkbasaar. Mense kuier en kinders speel rond. Die groot getal jong mense met klein kindertjies is opvallend.

Dis allermins 'n sterwende tradisie – die volgende geslag van alle ouderdomme het inderdaad die stokkie aanvaar om die Gelofte verder te vier.

Die amfiteater sit vol mense. Daar is 'n stemmige opwinding in die lug. Mense lyk gelukkig en vry. Die verhoog is volgepak met voorsangers en die Moot Kantate-koor en die orrel word gespeel deur dr. Isabelle van Rensburg.

Die son brand ons, maar die mense sit doodstil en luister.

Ek wonder hoe dit moes voel toe die son net so fel geskyn het 187 jaar gelede toe 460 manne in 'n laer van 64 kakebeenwaens geveg het teen duisende dapper Zoeloekrygers.

Dr. Danie Langner was eerste aan die woord. Hy noem 'n paar syfers oor die sukses van die fees en kondig aan dat die koppetelling van teenwoordige feesgangers wissel tussen 35 000 en 40 000.

Daarna word die replika van die kanon, Grietjie, vir die eerste keer afgevuur. Grietjie was 'n skeepskanon wat gemonteer is op die onderstel van 'n wa en artilleriesteun aan die kommando in hulle laer gebied het.

Voor die erediens begin, sing die skare al vier verse van "Die Stem". Dis stemmig. Geen grootdoenerigheid nie. Ek hoor weer vir die eerste keer in 'n lang tyd die woorde van al vier strofes van hierdie mooi Langenhoven-gedig oor ons land, wat byna vergete geraak het in die 31 jaar sedert dit nie meer die amptelike volkslied is nie.

Daarna is die erediens, gelei deur dr. Dewyk Ungerer. Sy teksvers is Jeremia 29:

"Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie. Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange."

Ons het inderdaad aanhou bou, huise sowel as instellings. Ons het inderdaad tuine gemaak en geboer. Ons het ook getrou en kinders in die wêreld gebring en aan die groei in getalle by feeste soos die een op Dinsdag is ek oortuig, ons het meer geword, nie minder nie.

Ons werk inderdaad vir die belange van die stad waar ons soms soos bannelinge behandel word, en ons bid daarvoor. Ons belange is inderdaad ook die land se belange, maar dit voel soms asof ons land dit nie besef nie.

Na die diens bulder Grietjie weer eens 'n loskruitskoot. Grietjie kyk noordoos, in die rigting van die Uniegebou. Die musikale verwerking van die Gelofte word gesing en die mense beweeg stemmig huis toe.

Ek beweeg ook aan huis toe, maar in my hart weet ek dat ek ooggetuie was van 'n volk wat weer opstaan. Wat bou en plant en bid en wie se belange weer eendag versoen sal word met die belange van die land waar ons dikwels soos bannelinge voel.

**Willie Spies is 'n prokureur by Hurter Spies Ing. wat gereeld namens AfriForum in regsgedinge optree.*

# Ná Australië: vrese vir Islamterreur in ander Westerse lande

**Internasionale perspektief**

Jaco Kleynhans



Verlede Sondag se terreuraanval op Jode op ŉ strand in Sydney, Australië word reeds as die ergste terreuraanval nog ooit in dié land beskou. Vyftien mense is dood en tientalle ernstig beseer nadat ŉ pa en seun wat bande met die Islamitiese Staat-terreurgroep het tydens ŉ Hanukkah-viering op Bondi-strand op Jode losgebrand het. Sedert die aanval neem vrese vir nóg Islamitiese terreuraanvalle in Australië, Nieu-Seeland en regoor Europa toe.

Australië se linkse eerste minister was eers teen Dinsdag bereid om te erken dat die aanval ŉ vorm van Islamitiese terreur was. Dít nadat hy Sondag en Maandag slegs oor strenger wapenwette en sogenaamde "regse ekstremisme" gepraat het. Anthony Albanese beoefen al vir jare volstruispolitiek deur die bedreiging van Islamitiese terreur deur sy land se groeiende Moslembevolking te ontken.

> *Die twee aanvallers, het vlae van die Islamitiese Staat in hul motor gehad*

Die twee aanvallers, Sajid en Naveed Akram, het vlae van die Islamitiese Staat in hul motor gehad en was verlede maand in die Filippyne, waar hulle deur ŉ ekstremistiese sel van die Islamitiese Staat opgelei is om ŉ massamoord uit te voer. Hierdie opleidingskampe berei voornemende terroriste van regoor die wêreld voor om terreuraanvalle uit te voer.

Reeds in 2019 is die twee aanvallers as ŉ veiligheidsbedreiging geïdentifiseer weens hul bande met die Islamitiese Staat. Tog het die owerhede in Australië geweier om iets daaraan te doen. Australiërs, en veral Jode in Australië, behoort Albanese en sy linkse regering direk aanspreeklik te hou vir Sondag se aanval.

Albanese weier natuurlik om die olifant in die vertrek op sy naam te noem: immigrasie na Australië en die rol van die Moslembevolking in sy land, sowel as in ander Westerse lande. Een persoon wat die afgelope week wel bereid was om hierdie probleem op sy naam te noem is Tulsi Gabbard, die Amerikaanse direkteur van nasionale intelligensie.

In ŉ plasing op sosiale media het Gabbard Sondag se aanval direk gekoppel aan Islamitiese ekstremisme en ongekontroleerde immigrasie. Sy voer tereg aan dat hierdie soort aanvalle ŉ direkte gevolg is van Westerse lande se beleidsmislukkings. Massa-immigrasie uit Moslemlande skep volgens Gabbard ŉ terreurbedreiging in byna elke Westerse land.

Volgens Gabbard is die doelwit van Moslemimmigrante die volledige Islamisering van Westerse lande. "Islamiete en Islamisme is die grootste bedreiging vir die vryheid, veiligheid en voorspoed van die Verenigde State en die hele wêreld. Dit is waarskynlik te laat vir Europa – en miskien Australië. Dit is nie te laat vir die Verenigde State van Amerika nie. Maar dit sal binnekort wees. Gelukkig het president Trump die beveiliging van ons grense, die deportasie van bekende en vermeende terroriste en die stop van massa-, ongekontroleerde migrasie wat Amerikaners in gevaar stel, geprioritiseer," aldus Gabbard.

Die afgelope paar dae het owerhede in verskeie Duitse stede Islamitiese terreuraanvalle op Kersmarkte gefnuik. In Beiere is ŉ hele netwerk van Islamitiese terroriste – afkomstig uit drie lande en almal individue wat as "vlugtelinge" na Duitsland gegaan het – net betyds ontdek voordat hulle ŉ aanval op ŉ Kersmark kon uitvoer. In Magdeburg, waar ŉ terreuraanval verlede jaar op ŉ Kersmark uitgevoer is, het die polisie die afgelope week weer ŉ aanval deur ŉ 21-jarige immigrant verhoed.

In Pole is ŉ aanval op ŉ Kersmark ook die afgelope week voorkom. In baie Europese lande sien ons tans voorkomende maatreëls wat daarop gemik is om Islamitiese terreuraanvalle te voorkom. In Frankryk het nasionale veiligheidsagentskappe besluit dat die risiko vir ŉ aanval so groot is dat die jaarlikse Nuwejaarsviering in Parys gekanselleer is. Verlede jaar het meer as een miljoen mense in die ikoniese Champs-Élysées bymekaargekom met die aanbreek van die nuwe jaar. Vanjaar sal geen viering moontlik wees nie.

In dorpe en stede regoor Westerse lande was daar die afgelope paar weke aanvalle op Kersbome, Kersliggies en enige uitbeelding van die Christelike herdenking van Jesus se geboorte. Terwyl Joodse gemeenskappe regoor Westerse lande sedert Sondag se aanval in Australië ekstra sekuriteit benodig het, is dit duidelik dat immigrantebevolkings in Westerse lande, soos wat hul getalle toeneem, ook geen Christelike uitdrukkings van geloof sal duld nie. In Duitsland is die jaarlikse Kersmarkte vir die miljoene Moslemimmigrante wat die afgelope paar jaar in Duitsland ingestroom het, iets wat vernietig moet word.

Sondag se aanval op Jode in Sydney moes as geen verrassing vir die owerhede in Australië gekom het nie. Israel se intelligensiediens het maande gelede reeds ŉ waarskuwing aan Australië se veiligheidsdienste gerig oor ŉ moontlike terreuraanval. Talle aanvalle op Joodse sinagoges regoor Australië het die afgelope paar maande plaasgevind.

Netso is die tekens vir groter Islamitiese terreur regoor Westerse lande sigbaar. Die vraag is bloot: wanneer sal die volgende groot aanval plaasvind? Intussen tree slegs die VSA daadwerklik op deur massadeportasies, die beëindiging van vlugtelingprogramme uit Moslemlande en ŉ aktiewe poging om die Islamisering van Amerikaanse gemeenskappe te stuit. Sal ander Westerse lande betyds wakker skrik of is Gabbard reg dat dit waarskynlik reeds te laat vir hulle is?

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Die eerste jaar van Nuusweek




Aan die einde van 2024 kom Willie Spies, in daardie stadium die uitvoerende voorsitter van Pretoria FM se direksie, met die voorstel dat ons 'n e-publikasie die lig moet laat sien om in die behoefte te voorsien wat met die afsterwe van gedrukte Afrikaanse koerante gepaard gegaan het. Van al die vrae wat 'n jaar gelede met die oprigting van die e-koerant gevra is, was die een wat ek die meeste gehoor het: "Waarom op dees aarde wil julle dit doen?"

Daar was 'n hele paar antwoorde op daardie vraag. Die een was dat daar inderdaad 'n behoefte was aan 'n publikasie soos *Nuusweek*. Daar is talle lesers wat 'n behoefte het aan 'n publikasie wat soos 'n koerant uitgelê is met 'n voorblad, hoofstorie, kommentaar en sport. Nog 'n rede was dat dit Afrikaans armer sou laat as al die koerante in ons taal van die aardbol sou verdwyn.

Ons het besef dat ons 'n groot deel van die werk vanuit Pretoria FM se nuuskantoor sou kon verrig, maar dit sou nie genoeg wees nie. Ons sou ook ander rolspelers moes betrek. Een van my eerste oproepe was na Jaco Kleynhans, die hoof van Openbare Skakeling by Solidariteit en waarskynlik een van ons land se voorste kenners van internasionale politiek. My versoek was dat hy 'n weeklikse rubriek oor belangrike internasionale politieke gebeure skryf en Jaco het dadelik ingestem.

Willie Spies het ingestem om sy rubriek wat hy voorheen vir *Beeld* geskryf het by *Nuusweek* voort te sit onder die titel *Eie Rigting*. Die hoofbestuurder van TLU SA, Bennie van Zyl, het hom ook beskikbaar gestel om elke twee weke oor landbousake te skryf in sy rubriek *Boer tot bord*.

Professionele persone is agter die skerms ingespan om die teks en taal af te rond, en




Voorblad van Nuusweek se eerste uitgaawe

die ervare grafiese ontwerper Koos Gagiano is opdrag gegee om die uitleg van die koerant te hanteer. 'n Rits vryskutskrywers het aangemeld vir diens en hulle berigte verskyn gereeld in *Nuusweek*. En dan is daar natuurlik Niël van Vuuren se skerpsinnige spotprente wat elke week hulle verskyning maak.

*Nuusweek* het vinnig 'n gevolg ontwikkel wat na my mening aan 'n paar faktore toegeskryf kan word. Een daarvan is dat ons uit die staanspoor ons lesers by die publikasie betrek het. Hulle kommentare word weekliks gepubliseer en hulle insette bepaal die rigting van die koerant.

Die tweede is dat *Nuusweek* nie deur die breër mediastroom meegesleur word nie, maar veral die gemeenskap se belange ondersteun en dien. Veral die afgelope jaar het dié publikasie hom onderskei deur byvoorbeeld te berig oor handel in renosterhoring, die geweld wat met plaasaanvalle gepaardgaan, vergrype deur die Tshwane-metro en landbousake in ons streek.

*Nuusweek* het ook gereeld gevra of die vervreemding tussen die Suid-Afrikaanse regering en die VSA uitsluitlik voor die deur van die Amerikaanse president, Donald Trump, gelê moet word en Ramaphosa en kie nie ook daarvoor aanspreeklik is nie. Ons onderneem om voort te gaan om dié kritiese vrae in die komende uitgawes van *Nuusweek* te stel.

Met die jaar se laaste uitgawe van *Nuusweek* in almal se inbokse kyk ons met dankbaarheid terug op die wyse waarop dié publikasie oor die afgelope jaar gegroei het. Dit sluit in die inhoud wat ons weekliks aan lesers beskikbaar stel, maar daarmee saam ook die toename in advertensies. Ons is dankbaar vir elke adverteerder wat van *Nuusweek* gebruik maak om hulle boodskap uit te dra, en ons moedig ook ander voornemende adverteerders aan om met ons in verbinding te tree deur 'n e-pos te stuur na adverteer@pretoriafm.co.za.

*Nuusweek* het onlangs ook begin om regskennisgewings te publiseer, en ek wil graag 'n besondere woord van dank aan elke prokureursfirma rig wat reeds van die diens gebruik maak. Terselfdertyd wil ek ander firmas aanmoedig om met ons in verbinding te tree by bostaande e-posadres om die moontlikheid om voortaan jou regskennisgewings in *Nuusweek* te publiseer met ons te bespreek.

Ons sien baie uit na die komende jaar en onderneem om jou, liewe leser, elke week van nuus van hoogstaande gehalte en prikkelende perspektiewe te voorsien.

Tussen ons nuusplatforms, wat strek van Pretoria FM na *Nuusweek* en ook ons aanbod op ons YouTube-kanaal insluit, is ons besig om uitvoering aan ons visie te gee, naamlik om onafhanklike Afrikaanse inhoud na elke huis te neem.

**Kemp is die besturende direkteur van Pretoria FM*

# Kersfees gebeur anders by mense wat Jesus navolg!

7voor7



**Dr. Jan Botha**

*NG Gemeente Florauna in Pretoria*

Lank voordat die Amerikaners Neil Armstrong en Edwin Aldrin met die maantuig Eagle op die maanoppervlak geland het, het die Russe vir Juri Gargarin in ’n wentelbaan om die aarde geplaas. Toe hy terugkeer van sy epiese reis, was sy siniese opmerking in ’n personderhoud dat hy nie vir God daar bo gesien het nie. Hy het oral gesoek, het hy gesê, maar net hemelliggame en leë ruimte gesien. Geen God nie. Daarom, meen hy, is daar geen God nie.

’n Paar maande later het ’n ander Amerikaanse ruimtevaarder ná sy terugkeer uit die ruimte gesê dat ook hy nie vir God daar bo gesien het nie. Maar, het hy bygevoeg, dit was ook nie nodig nie. Hy het immers al vir God op die aarde gesien: in die krip in Betlehem.

Al leef ons 2 000 jaar ná sy geboorte, en al was ons nooit in die ruimte om Hom te soek nie, hoef jy nie na die sterre te reik om God te sien nie. Jy hoef maar net hoog genoeg op jou tone te staan om oor die rand van die krip te kyk …

Twee gedagtes rondom Kersfees: Met Kersfees is mense so sentimenteel dat hulle amper optree soos God hulle bedoel het om te wees!

’n Dogtertjie het aan ’n maatjie verduidelik: “Kersfees is daardie dag toe God by die trappe van die hemel afgekom het met ’n Babatjie in sy arms.”

Kersfees gebeur anders by mense wat Jesus navolg!

Ja, sy mense gee ook geskenke weg aan diegene wat naby aan hulle is, maar hulle doen meer as dit. Hulle gee altyd ook iets van hulleself weg. Kerstyd is ’n tyd van deernis. Dis die tyd dat Jesus se volgelinge diegene raaksien wat nie kos op hulle tafels het, en niemand om vir hulle goed te wees nie. Dis die tyd dat sy mense ’n kruk word vir diegene wat deur die lewe mank geslaan is. Kerstyd is omgeetyd, traneafdroogtyd, selfgeetyd. Die Christuskind is die hart van Kersfees. By die krip in die stal klop God se liefde sigbaar. Gaan staan asseblief in Kerstyd by sy krip stil. Sien vir Jesus raak: God se grootste Geskenk ooit aan sy wêreld. Ook aan jou; spesiaal vir jou! Gaan vier Kersfees aan sy voete.

Een Kersseisoen het ’n vrou drie kinders voor ’n vrolike winkelvenster sien staan. Twee was opgewonde aan die babbel. Die middelste enetjie het doodstil gestaan, neusie platgedruk teen die glasruit.

Toe sien die vrou die middelste kind is blind. Die ander twee was besig om vir haar te vertel van die wonderlike dinge in die venster: die boompies en die liggies, die poppe en die treintjies. Die blinde kind kon die wondervenster net deur die oë van haar maats beleef.

Wat sê dit vir ons? Dit herinner ons daaraan dat die mens van nature blind is vir die wonder van die geboorte van die Seun van God. As jy met menslike oë na die Seun kyk, sien jy bloot ’n mens, is jy blind vir sy Godheid. Want Jesus was waarlik mens – dit moet ons geen oomblik vergeet of probeer afwater nie. Maar, as jy met geloofsoë na Jesus kyk, sien jy meer, sien jy … God.

Ons wat só sien, wat Hom kan raaksien, moet dit aan ander vertel. Ons moet soos die kinders opgewonde aan die babbel raak oor die “wonder van God in die stad Betlehem”.

Geen wonder een van die mooiste Adventsliedere se woorde lui nie: “O Christus ons verlange, U het ons heil gebring. Sal ooit ons jubelsange u lof na waarde sing? Vervul in welbehae ons harte met u Gees; skenk ons in hierdie dae ’n ware Christusfees.”

En selfs al sing ons sleg of vals, kan ons dié lied ten minste in ons binneste begin neurie. Daar waar ons verlange pols, nou op die oomblik!

Onthou...Kersfees gebeur anders by mense wat Jesus navolg!

# Vandag in die verlede



**Albe Grobbelaar**

**Vrydag 19 Desember**

Die BBC het vandag 93 jaar gelede die nuwe kortgolfdiens, die sg. *Empire Service*, bekend gestel. (Dit sou later die beroemde “*BBC World Service*” word.) ’n Week na die eerste uitsendings het Koning George die Vyfde die eerste monarg geword wie se Kersfeesboodskap orals oor die Britse Ryk op radio uitgesaai is.

Een van Suid-Afrika se gewildste generaals van die Tweede Wêreldoorlog, genl. Dan Pienaar, is op 19 Desember 1942 dood toe die vliegtuig waarin hy gereis het, in Kenia in die Victoria-meer geval het. Genl. Pienaar was net 49 jaar oud.



Genl. Dan Pienaar

Die country- en rockster Carl Perkins het op dié dag 70 jaar gelede, op 19 Desember 1955, nadat hy die woorde die vorige aand op ’n papiersakkie neergeskryf het, sy liedjie *Blue Suede Shoes* opgeneem. Die volgende jaar het Elvis Presley dit gesing. Die res is geskiedenis.

Laastens: Die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers het pres. Bill Clinton vandag in 1998 in ’n staat van beskuldiging geplaas as gevolg van die Monica Lewinsky-skandaal. Tydens ’n nuuskonferensie het Clinton sy later berugte woorde geuiter: “I did not have sexual relations with that woman.” Dit was ’n infame leuen, soos Clinton later noodgedwonge moes erken.



Monica Lewinsky

# Kennisgewings

## Boedels: Debiteure / Krediteure

IN DIE BOEDEL VAN WYLE: WILLEM COENRAD NIENABER

### KENNISGEWING AAN KREDITEURE IN DIE BOEDEL VAN WYLE: WILLEM COENRAD NIENABER

**GEBORE: 10 JANUARIE 1943**

**IDENTITEITSNOMMER: 430110 5023 087 EN NAGELATE EGGENOOT: MAGRIETHA JOHANNA MAGDALENA NIENABER**

**IDENTITEITSNOMMER GADE: 491210 0032 087**

**ADRES: 17 BALTIMORE STREET, UNIT 20 CHANTELLE PARK, PIERRE VAN RYNEVELD, CENTURION, 0157**

**BOEDELNOMMER: 011815/2025**

**DATUM VAN AFSTERWE: 31 OKTOBER 2025**

Skuldeisers en skuldenaars in bogemelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n tydperk van **30 dae** vanaf **19 Desember 2025** by Hurter Spies Prokureurs – 012 941 9239 of petro@hurterspies.co.za

Publikasiedatum: 19-Desember-2025
NRK6370440

## Boedels: Likwidasie / Distribusie

### KENNISGEWING VAN LIKWIDASIE-REKENING WAT TER INSAE LÊ

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **19 DESEMBER 2025 tot 9 JANUARIE 2026, by die PRETORIA SENTRAAL LANDDROSHOF en MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA.**

In die boedel van wyle: SUSANNA MARIA CHRISTINA ENGELBRECHT

Identiteitsnommer: 520616 0003 081 Laaste Adres: Casarene No. 7, Serene Straat 546, Garsfontein, Pretoria, Gauteng, 0181

Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A I

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF
Adres : Posbus 14505 Lyttelton 0140
Telefoon : 012 941 9239

Publikasiedatum: 19-Desember-2025
NRK1040742

**WIL JY JOU REGSKENNISGEWINGS IN NUUSWEEK ADVERTEER?**
**SPERTYD: DINSDAE OM 12:00 VOOR PUBLIKASIE** Stuur 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za of skakel Monique de Jager by 012 543 0120



# Metair (JSE - MTA)

*Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.*




**Agtergrond**
**Metair** is 'n plaaslike maatskappy wat dienste lewer aan die motorbedryf, maar vervaardig en versprei ook batterye om hernubarekragoplossings aan klante te bied.

**Kernbevinding**
Die moontlike watervalformasie (moontlik positief) hou beleggers steeds sku. 'n Watervalformasie ontwikkel wanneer beleggers stelselmatig winste vassluit en die aandeel in feitlik een beweging na onder beweeg. Op 'n tyd droog die verkopers op en dan kan opwaartse momentum maklik 'n herstellopie ontketen.

Die onlangse sprong in volume is opvallend – die kopers sal gelukkig wees bo R5,99.

Bo lyn A (R5,00) kan momentum na bo aan die gang kom, en die aandeel dalk mettertyd na R6,23 laat beweeg op 'n moontlike herstellopie.

Eerste tekens van opwaartse momentum kan bo lyn A te sien wees.

Die 50-dag- bewegende gemiddelde (R6,07) is een van die beste langtermyn-sentimentsmeters. Onder die gemiddelde is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddelde is beleggers optimisties oor die vooruitsigte.

Ignoreer die instrument onder R4,08.

Die moontlike teikens na onder is: R4,00; R3,93; R3,87; R3,82; R3,74; R3,70 en R3,65 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

**Belangrike vlakke om dop te hou**
Indien die aandeel kopers lok bo lyn A, kan die aandeel dalk beweeg na: R5,13; R5,34; R5,65; R5,78; R5,88; R5,99; R6,00; R6,23; R6,45; R6,53; R6,69; R6,88; R7,00; R7,22; R7,40; R7,56; R7,71; R7,98; R8,12; R8,22; R8,29 en R8,40.

**Tegniese opinie en strategie.**
Vir beleggers – koop of gaan lank bo lyn A (R5,00), indien u glo dat die watervalformasie tot 'n einde kan kom en ander kopers lok, maar gebruik R4,65 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**
Die instrument verkeer steeds onder verkoopdruk, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Opsomming**
Koop of gaan lank bo R5,00, maar gebruik R4,65 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Vrywaring**
Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com*



SOLIDARITEIT

# WERKSGIDS

Bekom vandag nog jou droompos op **www.solidariteit.co.za**. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

*Klik op poste vir meer info*

## Bou & Ambagte

**Werktuigkundige Assistent** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Werktuigkundige (Junior)** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Werktuigkundige Assistent (Senior)** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Veldwerktuigkundige** in Centurion, sluit op 20/12/2025
**Werktuigkundige (Onderhoud)** in Pretoria-Oos, sluit op 20/12/2025
**Junior Werktuigkundige** in Centurion, sluit op 20/12/2025
**Werktuigkundige (Veldwerk)** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Meganiese Assistent (Toerusting)** in Centurion, sluit op 20/12/2025
**Onderhoudswerktuigkundige** in Pretoria-Oos, sluit op 20/12/2025
**Meganiese Assistent (Onderhoud)** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Meganiese Assistent (Toerusting)** in Centurion, sluit op 20/12/2025

## Finansiële Dienste

**Finansiële Klerk** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Junior Krediteure Klerk** in Centurion, sluit op 20/12/2025
**Senior Debiteure Klerk** in Centurion, sluit op 20/12/2025
**Junior Finansiële Assistent** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Portefeuljebestuurder**: Algemeen/Transport in Menlyn, Pretoria, sluit op 31/12/2025
**Rekenmeester** in Lanseria, sluit op 31/12/2025
**Junior Finansiële Bestuurder** in Krugersdorp, sluit op 31/12/2025
**Financial Controller** in Johannesburg, sluit op 31/12/2025
**Junior Finansiële Bestuurder** in Krugersdorp, sluit op 31/12/2025

## Gasvryheid en Toerisme

**Sport Advertensie Intern** in Doringkloof, Centurion, sluit op 20/12/2025
**Sport Advertensie Junior** in Doringkloof, Centurion, sluit op 20/12/2025

## Inligting, Kommunikasie & Media

**Junior Sagteware-ontwikkelaar** in Koedoespoort Industrial, Pretoria, sluit op 20/12/2025
**IT Tegnikus** in Pretoria-Oos, sluit op 20/12/2025
**IT Ondersteuningsbeampte** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**IT Ondersteuningstegnikus** in Centurion, sluit op 20/12/2025
**IT Helpdesk Konsultant** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Junior IT Tegnikus** in Pretoria-Oos, sluit op 20/12/2025
**Grafiese Ontwerper Internskap** – Tierpoort, sluit 31/12/2025
**IT Tegnikus** in Pretoria-Noord, sluit op 31/12/2025
**IT Tegnikus** in Pretoria-Noord, sluit op 31/12/2025

## Landbou, Bosbou & Visserye

**Stone Fruit Packhouse Manager** by Dandelion Recruitment Consultancy in Stellenbosch, sluit op 31/12/2025

## Onderwys & Opleiding

**Intermediêre/Senior Fase Onderwyser** – Groblersdal – sluit 31/12/2025
**Kleuterskool Onderwyseres** – Wilro Park, Roodepoort – sluit 31/12/2025
**Tutor** in Pretoria-Oos, sluit op 31/12/2025

## Professionele, Besigheids, Gemeenskap & Tegniese Dienste

**Kandidaat Prokureur** in Menlo Park, Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Administratiewe Assistent** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Administratiewe Klerk** in Centurion, sluit op 20/12/2025
**Kantoorassistent** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Kantoor Administrateur** in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Administrasie Assistent** in Pretoria-Oos, sluit op 20/12/2025
**Kantoorassistent** (Junior) in Pretoria, sluit op 20/12/2025
**Administratiewe Assistent** (Kantoor) in Centurion, sluit op 20/12/2025
**Hoof van Bemarking** by Intercare Corporate Services in Pretoria, sluit op 31/12/2025
**Customer Experience Insights Manager** by Intercare Corporate Services in Pretoria, sluit op 31/12/2025
**Maintenance Specialist** by Humor Diagnostica in Hermanstad, Pretoria, sluit op 31/12/2025
**Sales Administrator** in Centurion, sluit op 31/12/2025
**Senior Project Manager** in Pretoria, sluit op 31/12/2025

## Vervoer, Logistiek & Lugvaart

**Fleet Tracking & Monitoring Control Room Operator** – Bedfordview, Germiston, sluit 31/12/2025
**Logistic Manager** in Bramley Park, Sandton, sluit op 31/12/2025



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Bulls-rugby rou oor die afsterwe van kaptein Lusanda Dumke



Die kaptein van die Isuzu Bulls Daisies en Springbokvrouespeler, Lusanda Dumke, is vroeër vandeesweek in die ouderdom van 28 ná 'n stryd teen 'n seldsame maagkanker oorlede. Dumke het die Daisies in drie agtereenvolgende Vrouepremierafdeling-titels aangevoer, waar sy in 31 wedstryde uitgedraf het. Sy het ook 33 toetse vir Suid-Afrika gespeel, waartydens sy drie keer die kaptein was. Die Bulls onthou haar as 'n inspirerende leier en indrukwekkende figuur in vrouerugby.

"Lusanda was meer as net 'n kaptein, sy was die hartklop van ons Daisies-span en 'n ware inspirasie vir almal by die Bulls en in Suid-Afrikaanse sport. Wat sy teen die ouderdom van 28 bereik het deur 'n span in drie agtereenvolgende titels aan te voer en kaptein vir haar land te wees, is eenvoudig fenomenaal," het Thando Manana, hoof van Hoë Prestasie en Spesiale Projekte by die Blue Bulls Maatskappy gesê.

Lusanda se begrafnis sal op Sondag 28 Desember op KwaCentane in die Oos-Kaap plaasvind.

# Stormers storm voort

Die DHL Stormers en Hollywoodbets Sharks is die enigste Suid-Afrikaanse spanne wat die nasionale vlag hoog gehou het in die tweede ronde van die Kampioene- en Uitdaagbeker-wedstryde die afgelope naweek, toe hulle belangrike oorwinnings teen La Rochelle en Saracens behaal het. Die Vodacom Bulls moes egter 'n groot pak slae teen die Northampton Saints verduur, terwyl die Toyota Cheetahs en die Lions ook nederlae gely het.

Die Stormers het die naweek se aksie op 'n hoë noot afgeskop met 'n 42-21-oorwinning oor La Rochelle in Gqeberha. Die Hollywoodbets Sharks het daarna gevolg met 'n 28-23-oorwinning teen Saracens in Durban, terwyl die Northampton Saints met 50-5 met die Bulls afgereken het.

In Uitdaagbeker-aksie het Stade Français die Vrystaters met 45-22 in Amsterdam afgeransel, terwyl die Lions met 14-10 teen Newcastle Red Bulls verloor het.

Die Stormers se oorwinning plaas hulle bo-aan hul Kampioenegroep met nege punte. Die Sharks is vyfde in hul groep met vyf punte, terwyl die Bulls ook vyfde is met slegs een punt ná twee wedstryde.

Die Lions (1) en Cheetahs (0) lê onderskeidelik vierde en vyfde in hul onderskeie groepe met die kompetisie wat eers onderbreek word. Intussen hervat die Verenigde Rugbykampioenskap hierdie naweek met opwindende plaaslike derbies wat voorlê.

**Vrydag 19 Desember**
21:45 Lenster **teen** Ulster

**Saterdag 20 Desember**
15:30 DHL Stormers **teen** Lions
16:00 Benetton Rugby **teen** Zebre
17:00 Glasgow Warriors **teen** Edinburgh
18:00 Hollywoodbets Sharks **teen** Vodacom Bulls
19:30 Ospreys **teen** Munster
21:45 Dragons **teen** Connacht



# Klas van Protea-vroue troef Ierse geluk

Die Protea-vrouekrieketspan loop tans 2-0 voor in die driewedstryd-eendagreeks teen Ierland, na 'n oortuigende 74-lopie-oorwinning oor die besoekers in Gqeberha vroeër hierdie week.

Die Proteas het 'n indrukwekkende 275 lopies in hul toegelate 50 boulbeurte behaal, nadat hulle die loot gewen het en gekies het om eerste te kolf.

Kaptein Laura Wolvaardt (124) en Sune Luus (114) het elk honderdtalle met die kolf bygedra terwyl Dané van Niekerk 'n skitterende 88 lopies van 47 balle gemoker het.

Ondanks 'n dapper terugvegpoging deur Ierland met Orla Prendergast wat naelskraaps 'n honderdtal misgeloop het met haar uitstekende 97 van 86 balle, was die teiken net te groot en die besoekers is uiteindelik vir 301 uitgeboul.

In die eerste eendagkragmeting verlede naweek het Sune Luus en Miane Smit elk 'n 50-tal met die kolf bygedra nadat spel met 90 minute weens swaar reën vertraag is en die spel na 47 boulbeurte aan 'n kant verkort is.

Tydens dié wedstryd het Ierland hul tweede hoogste eendagtotaal (209/7) teen Suid-Afrika aangeteken, nadat hulle die loot gewen en eerste gekolf het.

Die derde en laaste wedstryd in hierdie reeks teen Ierland vind vandag op Wanderers in Johannesburg plaas met spel wat om 14:00 begin.



Sune Luus

**Opsomming van die eerste eendagwedstryd op 13 Desember**

**Ierland 209/7 (47):** Sarah Forbes 42, Rebecca Stokell 39* en Nonkululeko Mlaba 3/43.

**Suid-Afrika 211/3** (36.5): Sune Luus 66*, Miane Smit 56* en Cara Murray 2/34.

Suid-Afrika wen met sewe paaltjies.

**Opsomming van die tweede eendagwedstryd op 16 Desember**

**Suid-Afrika 375/6 (50):** Laura Wolvaardt 124, Sune Luus 114 en Jane Maguire 3/75.

**Ierland 301 (47.5):** Orla Prendergast 97, Amy Hunter 64 en Leah Jones 3/48.

Suid-Afrika wen met 74 lopies.

# Proteas loop die kans MIS om Indië te onttroon

Digte mis het die kitaar geslaan tydens die vierde T20-kragmeting tussen Suid-Afrika en Indië Woensdagaand in Lucknow. Die tuisspan loop tans 2-1 voor in die reeks terwyl dié kragmeting 'n gulde geleentheid vir die Proteas was om sake gelykop te maak.

Volgens kenners is die ongunstige weerstoestande vererger deur lugbesoedeling, met toksisiteitslesings diep in die gevaarsone. Verskeie Indiese spelers is gesien met gesigsmaskers op die veld terwyl hulle huiwerig was met voorwedstryd-opwarming.

Spel is afgelas voor die loot beslis of die spanne aangekondig is en gevolglik is nie 'n enkele bal geboul nie.

Die gasheerland het die eerste en derde wedstryde onderskeidelik met 101 lopies en sewe paaltjies gewen nadat hulle die besoekers vir slegs 74 en 117 uitgeboul het. Die Proteas het egter die tweede wedstryd gemaklik 'n 51 lopies gewen.

Die vyfde en laaste wedstryd van die reeks word vandag by die Narendra Modi-stadion in Ahmedabad beslis, met spel wat om 15:00 begin.

**Opsomming van die derde T20 op 9 Desember**

**Suid-Afrika 117 (20):** Aiden Markram 61, Varun Vinod 2/11 en Kuldeep Yadav 2/12.

**Indië 120/3 (15.5):** Abhishek Sharma 35*, Shubman Gill 28, Corbin Bosch 1/18.

Indië wen met sewe paaltjies.



# SA20 tel af na nog 'n opwindende seisoen




Seisoen vier van Suid-Afrika se voorste franchise T20-kompetisie, die Betway SA20, skop volgende Vrydag met 'n groot openingswedstryd op Welwillendheidsdag af. Die verdedigende kampioen, MI Cape Town, verwelkom die Durban's Super Giants op Nuweland. Op Saterdag 27 Desember sal die eerste dubbelwedstryd plaasvind wanneer die Jukskeiderby tussen Pretoria Capitals en Joburg Super Kings op Centurion plaasvind, terwyl die Paarl Royals en Sunrisers Eastern Cape mekaar by Bolandpark in die Paarl pak.

## Volledige bepalings:

Sleutel:

**MICT**: MI Cape Town; **DSG**: Durban's Super Giants; **PC**: Pretoria Capitals;
**JSK**: Joburg Super Kings; **PR**: Paarl Royals; **SEC**: Sunrisers Eastern Cape

| | | | |
|---|---|---|---|
| 26 Des | **MICT** teen **DSG** | Nuweland | 17:30 |
| 27 Des | **PC** teen **JSK** | Centurion | 13:00 |
| 27 Des | **PR** teen **SEC** | Bolandpark | 17:30 |
| 28 Des | **DSG** teen **MICT** | Kingsmead | 15:30 |
| 29 Des | **SEC** teen **PC** | St George's-park | 17:30 |
| 30 Des | **DSG** teen **JSK** | Kingsmead | 17:30 |
| 31 Des | **SEC** teen **PR** | St George's-park | 13:00 |
| 31 Des | **MICT** teen **PC** | Nuweland | 17:30 |
| 01 Jan | **JSK** teen **DSG** | Wanderers | 17:30 |
| 02 Jan | **PR** teen **MICT** | Bolandpark | 17:30 |
| 03 Jan | **JSK** teen **SEC** | Wanderers | 13:00 |
| 03 Jan | **PC** teen **DSG** | Centurion | 17:30 |
| 04 Jan | **MICT** teen **PR** | Nuweland | 15:30 |
| 05 Jan | **PC** teen **SEC** | Centurion | 17:30 |
| 06 Jan | **MICT** teen **JSK** | Nuweland | 17:30 |
| 07 Jan | **DSG** teen **PC** | Kingsmead | 17:30 |
| 08 Jan | **JSK** teen **PR** | Wanderers | 17:30 |
| 09 Jan | **DSG** teen **SEC** | Kingsmead | 17:30 |
| 10 Jan | **PR** teen **PC** | Bolandpark | 13:00 |
| 10 Jan | **JSK** teen **MICT** | Wanderers | 17:30 |
| 11 Jan | **SEC** teen **DSG** | St George's-park | 15:30 |
| 12 Jan | **PC** teen **MICT** | Centurion | 17:30 |
| 13 Jan | **PR** teen **DSG** | Bolandpark | 17:30 |
| 14 Jan | **SEC** teen **JSK** | St George's-park | 17:30 |
| 15 Jan | **PC** teen **PR** | Centurion | 17:30 |
| 16 Jan | **MICT** teen **SEC** | Nuweland | 17:30 |
| 17 Jan | **DSG** teen **PR** | Kingsmead | 13:00 |
| 17 Jan | **JSK** teen **PC** | Wanderers | 17:30 |
| 18 Jan | **SEC** teen **MICT** | St George's-park | 15:30 |
| 19 Jan | **PR** teen **JSK** | Bolandpark | 17:30 |